

Saterdag 8 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21

Fokusgedeelte: Rom 5:12, 18

Straf op die sonde – die dood

Adam het die skepping aan die sonde verslaaf (Rom. 5:12). Dié stelling neem ons terug na die paradys.

God het die mens – man en vrou – na sy beeld gemaak, sy lewensasem in hulle geblaas, om namens Hom oor die skepping te heers (Gen. 1). Ons lewensdoel is om saam die skepping in God se Naam te bestuur. Maar toe Adam en Eva sondig, het hulle vir hulleself 'n ander lewensdoel gekies – om baas te speel vir eie gewin. En so het hulle die innige band met God en met mekaar gebreek. Van toe af sou hulle eerder met God en mekaar kompeteer wie die sterkste is (Gen. 3). Die gevolg is verwoestend.

Die diepte van die gevolg van sonde: Daar is 'n prys om te betaal vir hierdie rebellie teen God: die dood (Rom. 6:23). Ons kan immers nie met die lewensasem wat God in ons ingeblaas het, 'n rebellie teen Hom voer nie. “Dood” bedoel ons fisiese (tot stof sal jy terugkeer – Gen. 3:19), geestelike (van God weggejaag – vs 23), en ewige (weghou van die Boom van die Lewe – vs 24) dood.

Breedte van die gevolg van sonde: Die dood bereik alles. Elke enkele afstammeling van die eerste mens word in hierdie rebellie teen God in gebore. En die prys vir elke afstammeling om te betaal, is fisiese, geestelike en ewige dood. Ons trek ook die skepping in die dood in. Alles waaraan ons raak, word besmet deur ons doodsasem. Ek wil god wees, ek wil nie uit God lewe nie, is die moeras waaruit alle sonde vloei. En die gevolg is verwoestend, God neem sy lewensasem terug. Ek, my kinders, kleinkinders, alle mense, die natuur sterf.

'n Paar jaar gelede het ons gemeente sistematies deur die Bybel gelees. Sommige lidmate was ontsteld deur die onreg, geweld, moorde, verkrachtings en leuens waarvan die Bybel vertel. Maar dit is reg beskryf, dis hoe dit lyk as mense god wil wees. En toe stuur God die tweede Adam ... (Rom. 5:18).

Sing: Psalm 51-1:1, 3, 4

Ds. JP Fleischman (Johan) (Kaapstad)